VRYSTAAT LANDBOU
FREE STATE AGRICULTURE

KONGRES: 2-3 AUGUSTUS 2023

Monte Bello Estate, Bloemfontein

DAG 1:

OPENING – VERWELKOMING:

Francois Wilken verwelkom almal by die kongres, gaste, borge, boere. Die kongres is die hoogste gesag van VL, daar gaan genoeg tyd wees vir deelname van die vloer af. Ons staan by 'n kruispad.

Ds Chris Erasmus: Skriflesing en gebed

Vertel 'n storie van 'n bottel met 'n kurkprop en vol gemaak met water en persone kon een vir een kurkprop uittrek, as kurkprop nat word dan gaan 'n "persoon dood", dit was 'n sosiale eksperiment wat gedoen was. Wanneer ons lewenslot so onder druk is moet iemand opstaan en sê hier is leiers nodig. Hoe neem iemand verantwoordelikheid om as leier op te tree? Ons moet met mekaar kan praat. Toe stuur die Here 'n groot vis om Jona in te sluk. Toe bid Jona tot die Here en die Here het sy gebed verhoor. Jona was 'n man wat iets gehad het om te sê maar hy het geswyg. Jona het besluit om eerder na homself te kyk, hy het verkies om te swyg en stil te bly. Wanneer mense wat 'n boodskap het en stilbly/swyg, dan gaan sy lewe in 'n ander rigting in. Mense wat saam met jou is, kom ook in gevaar, soos in Jona se situasie, die skip wou sink. God gee om oor ons lewenslot, oor wat ons besluit. Wanneer ons die hele gedagte van God uitlaat uit ons gesprekke uit, dan het ons geen hoop nie, dan kan ons soos Niche feitlik van ons verstand af raak.

"In the Belly of the Beast" soos in die geval van Jona ontdek ons weer die kern van die lewe. Jy kan die waarheid van God onderdruk en ontken, maar sal daar op 'n stadium in jou lewe die werklikheid na vore kom rakende God se werklikheid en oor jouself. Ons glo die goed wat jy vir jouself sê, dit is hoe dit is. En dan eindig ons in die "Belly of the Beast". Dit is hoekom dit belangrik dit is dat ons die waarheid praat oor onsself. Verwys na Hercules en die doodmaak van die Hydra met veelvuldige koppe. Jy moet deur jou eie leuens werk oor jouself. Moet terugdink aan die tyd in jou lewe toe jy die beste oor jouself gevoel het, moet jy nog steeds kan uitroep dat jy God nog steeds nodig het. Wat is die eerste ding wat ons van God lees in die Bybel, dat God kan praat. As Hy praat, dan skep Hy. Uit die hele skepping gee God vir ons die vermoë om te kan praat, Hy gee vir ons 'n

opdrag om te kan heers. Die krag agter 'n woord is die karakter agter die persoon wat praat. God se karakter is goed. Die krag van ons woorde sit in die karakter van ons wat praat. Is dit iemand wat doen wat hy/sy sê. Verwys na Dawid en Goliat, waar Dawid sê hy kom na Goliat toe in die Naam van die Ware God. Julle, VL het iets om te sê vir die wêreld waarin ons is. Dit skep 'n wêreld, dit is profeties. Die woorde wat ons hier praat, skep die wêreld vir die toekoms, mag die praat hier in die Naam van Jesus Christus wees.

Friedl von Maltitz, vise-president:

Logistieke reëlings van die kongres. Kongres word op Zoom uitgesaai met 'n skakel. Daar is 'n vertalingsopsie ook beskikbaar. Besoek die uitstallers, geel masjiene vir die paaie. Evaluasievorms was uitgegee, voltooi dit en gooi dit in die bokse.

Gernie Botha: Konstituering van die kongres

Daar is 102 uit 120 afgevaardigdes teenwoordig, dus is kongres gekonstitueer.

Mosies:

Francois Wilken meld dat daar is 'n geleentheid vir mosies. Hy stel self 'n mosie in.

Een van grootste uitdagings is ons veiligheid, en is daar gereeld aanslae op boerdery gemeenskappe. Wil mosie stel teen diegene wat in die afgelope tyd weggeneem is deur plaasaanvalle asook siektes en afsterwe in boerdery gemeenskappe. Wil die kongres vra om op te staan in nagedagtenis aan hulle.

Gernie Botha: Nominasie vorms

Verduidelik die nominasie vorms.

Francois Wilken: Presidentsrede

Daar is soveel goed om te sê. Terugblik op infrastruktuur en dienslewering deur plaaslike regerings. As tyd gespandeer word aan konstruktiewe dienslewering in plaas van politiekery, sal dit baie beter gaan in die land. Verwys na Matthews Phosa - "we are governed by a bunch of thieves". Sedert 1994 was daar fase van ekonomiese groei en toe tref ons die Zuma jare van staatskaping. Politieke inmenging het ook by staatsinstellings ingekom en kyk hoe lyk dit nou, verwys na Eskom. Einde van die Zuma era het ons gehoop op die nuwe daeraad van Pres Ramaphosa. Wat 'n teleurstelling was dit. Daar is nou 'n "buzz" woord van

koalisie politiek/regering wat moontlik na 2024 'n moontlikheid kan word. Alles gaan oor mag in koalisiepolitiek. Ons kan dit nie bekostig in SA nie.

Vraag bly, wie gaan die vakuum vul oor die onvermoë van die staat om 'n diens te lewer? Gelukkig het SA 'n sterk burgery en klomp organisasies wat 'n gaping kan en wil vul. Ons moet as 'n span saamwerk, ons hoef nie altyd te verenig nie. Landbouers is min in getal maar is wyd verspreid. Ons moet onsself begin organiseer om die probleme die hoof te bied. Ons moet betrokke raak. Dit help nie jy sluit aan en betaal net jou ledegeld nie. Grondvlak strukture moet versterk word. Kan nie meer van ons boere verwag om veediewe te vang, paaie reg te maak, ens en dan moet ons dit doen op ons eie kostes nie. Verwys na Gernie Botha en Adv George Galloway om 'n regsmening te bekom om die boere te vergoed vir wat hul doen om die paaie reg te maak. Misdaad gaan toeneem. Daar is 'n aanslag op ons. Die Polisie is nie by magte om misdaad te beheer nie. Daar is nie die wil en die motivering op stasievlak om misdaad te bekamp nie. Daar is geen bevel en beheer nie, polisiemanne is swak opgelei, sekere polisiebeamptes is betrokke by misdaad. Daar is tekort aan hulpmiddels by polisiestasies. Wat kan ons tasbaar doen om die probleem aan te spreek. Besluit om R1miljoen op tafel te sit met loodsprojek om privaat ondersoekers tov veediefstal daar te stel. Probleem bly finansiering, hoe gaan ons dit doen? Die loodsprojek is uitgeklaar met SAPD topbestuur en daar is reeds goeie resultate. Ons sal met kongres 'n mandaat te kry om dit vorentoe te vat. Boere is die afgelope naweek uitgesonder om vermoor te word, vanaf 'n verhoog, met verwysing na Julius Malema se "Kill the Boer, kill the Farmer". Gelykheidshof het AfriFroum se versoek om dit as haatspraak te klassifiseer, nie as haatspraak geag nie, VL se bestuur het besluit om dit nie daar te los nie. Wat kommerwekkend is, is die stilswye van die president daaroor.

Weereens die afgelope naweek 'n geval gehad het by Verkeerdervlei waar 3 boere gearresteer is op sogenaamde vals klagtes met magsmisbruik van die polisie. Ons sit met ernstige probleme binne veiligheids strukture en gaan dit nie daar laat nie. VL gaan voortgaan om ons boere te mobiliseer en op te lei binne die LBS. Werkers en swart boere word ook geteiken. Verwys na swart boere teen die Lesotho grens wat opgegee het om te boer en hul grond beskikbaar stel aan blanke boere vir koop/huur.

Daar is sekere distrikte wat privaat sekuriteit het wat hul areas domineer, en dit moet binne die wet plaasvind. Boere moet volhoubaar voedsel te produseer. Verwys na klomp mense wat die land verlaat, wat emigreer. Ons as boere moet aanpas by verandering, maar ons kan nie noodwendig toegee nie. Ons kan veg/beding vir ons regte en voortbestaan. Daar is goeie gesprekke wat met Ministers en DGs plaasvind en besluite wat geneem word. Niks gaan egter oor in dade nie, dit bly net by gesprekke.

Verwys na Robinson Crusoe wat op eiland woon wat sy eie kerk afgestig het. Ons het 'n baie groot drang om te oorleef, en ons gaan nie nou val nie. Preek nou vandag vir julle wat die belangrikheid van georganiseerde Landbou insien, maar dit is eintlik bedoel vir die mense daarbuite. Ons moet net weet wat is die rede hoekom ons sekere dinge doen. Clem Sunter het 'n ruk gelede gesê dit is die mees aanpasbare mense in SA wat gaan oorleef. Ons het nie meer die luukse om met mekaar te stry nie.

Ter afsluiting. Dit is krities belangrik dat almal volgende jaar sal gaan stem. Moet nie apaties raak nie. Ons kan nie ons kop in die sand druk en hoop as ons dit uithaal, is alles verby nie. Geniet die kongres.

Mnr Jan Oberholzer: Die Energie vakuum, wat kan ons doen?

Francois Wilken stel vir Jan Oberholzer voor.

Jan Oberholzer meld dat Eskom moet 48MWatt elektrisiteit opwek waarvan steenkool naastenby die helfte daarvan is. So 2MWatt van kernkrag, dan ook gas/diesel opwekking. en gee 'n oorsig oor Eskom se geïnstalleerde vermoë. Wat is beskikbaar? Wat is die aanvraag as dit redelik koud is, dan is dit 34MWatt? Basis kapasiteit is so 42MWatt. Eskom is nie in staat om te voldoen op aanvraag van die land nie, die afgelope dekade al. As jy 'n ou plaas implement het en jy onderhou dit nie, gaan dit nie vir jou werk nie. Bitter min onderhoud was gedoen op Eskom se kapasiteit, sit met stelsel wat baie onbetroubaar is. Augustus 2021 ontploffing by Medupi, 720MWatt en brand by Kusile wat vermoë vertraag het. Koeberg 920MWatt wat uit is. As 'n mens dit alles bymekaar tel is dit 4500 MWatt of 5 fases van beurtkrag. Ons sit in 'n tawwe situasie rakende Eskom.

Eskom se 12 steenkool kragstasies se gemiddelde leeftyd is 44 jaar, dit is ou karre wat nie na gekyk is nie. Die kragstasies gaan almal binne 'n dekade nie meer funksioneel wees nie. Hyself is 'n voorstaander van steenkool vir kragopwekking. Fase 2 en 4 beurtkrag het algemeen geword, maar dit moet nie aanvaarbaar wees nie. Die beurtkrag onstel hom. Daar is 'n legio uitdagings.

Die vraag is wat maak ons? Drie jaar terug het Eskom gesê hul moet begin om die vloot te onderhou en het begin om geld te spandeer om die vloot te onderhou. Stelsel is stadig maar seker besig om beter te presteer. Tans is die aanvraag laag, dit is 1 beurtkrag minder die jaar in vergelyking met laas jaar. Eskom het teruggesny om te verseker dat

die vlakke van beurtkrag in winter nie so baie is nie. Daar word baie meer geld spandeer om diesel turbines te gebruik. Die sonpanele dra ook by tot minder beurtkrag, daar is oor die 4MWatt die afgelope tyd toegevoeg tov addisionele kapasiteit wat opgewek word. Dit is positief.

Eskom voer slegs beleid uit, beleid word gemaak deur die Departement van Energie sake. Daar sal moet 'n spanpoging kom, om uit die dilemma te kom. Eskom het 5 kardinale dinge wat hul moet doen ten einde 4000 tot 5000MWatt se kapasiteit in spaar op te wek:

- Menslikheid element – die mens is die belangrikste bate van Eskom – ervaring, kennis, ondervinding is hier belangrik;
- Geld beskikbaarheid – investering en opbrengste teenoor skuldvlakke (R400miljard se skuldvlak) – dit is 'n benarde ekonomiese posisie waarin Eskom sit;
- Voortbou in terme van onderhoud – uitdagende positiewe pad wat gevolg moet word waar dividende gelewer moet word;
- Addisionele kapasiteit in die land is krities – land het addisionele kapasiteit nodig die dag voor gister – hoeveel addisionele kapasiteit is in 3 jaar opgesit sedert 2019? Verwys na BBEEE wat verkeerd geïmplementeer is; 50 tot 60 Hibriede MWatt kapasiteit is nodig;
- Kriminaliteit en korrupsie is 'n kanker – "greed is an untreatable disease" wat Eskom betrek het en is baie moeilik om dit te adresseer/uit te roei;

Dit is die 5 dinge wat so gou moontlik geadresseer moet word ten einde Eskom reg te kry. Daar is goeie vordering tov addisionele kapasiteit wat tans aan die gang is. Daar is 'n moontlikheid dat 4 eenhede by Kusile voor die einde van die jaar terug gaan wees. Hierdie gaan nog 'n ruk vat om reg te stel.

As boere die vermoë het om investering te maak, glo hy dit moet gedoen word. Daar is 2 tariewe goedgekeur, tov "generator" en krag wat beskikbaar is wat Eskom kan koop, dan is daar "*net-billing*", dan word die verskil betaal van wat jy het en gebruik. Boere kan Fase 2 hanteer, maar Fase 4 maak dit baie moeilik. Boere moet die uitdaging aanvat saam met Eskom en bepaal watter bydrae gelewer kan word in hul area.

Bedryfsafdeling by Eskom kan 'n bedryflisensie kry, dit is onlangs goedgekeur deur Nersa, wat 'n goeie ding is. Hierdie eenheid is noodsaaklik. Privaat besighede moet betrokke raak. Die Minister van Elektrisiteit het rondgegaan en verstaan wat die uitdagings is en ook die President self verstaan dit. Wat moet in plek kom? Hy is baie

meer gemaklik dat daar beweeg word in die regte rigting, sien alles as positief en die hande vat as ’n span. Elkeen leer wanneer dit moeilik gaan.

Verkiesing van VL President:

Gernie Botha maak die aankondiging dat Francois Wilken weer verkies as president van VL.

Francois Wilken stel vir Christo van Rheede voor as gasspreker.

Christo van Rheede van AgriSA: Wat doen AgriSA?

AgriSA het nog nooit teruggestaan om sy stem dik te maak nie. AgriSA se werk is die beïnvloeding van beleid, en maak seker dat skadelike beleid nie gevorm word wat voedsel sekerheid nadelig kan beïnvloed word nie. Ons moet seker maak dat deur die media AgriSA se rol van beïnvloeding deur die Sentrum van Uitnemendheid gedoen word en AgriSA fokus op Grond, Natuurlike Hulpbronne, Arbeid, Landelike Veiligheid en Ekonomie en Handel. Dit is ’n spanpoging waarop hul trots is. Die boere kies die leierskap en sit die mandaat op die tafel. Verwys na organisatoriese raamwerk, die kongres, raad van direkteure, verskillende komitees. Dan is daar verskillende kamers nl provinsiale, kommoditeits- en korporatiewe kamers. Het nog die Ramphulp stigting, AgriSA Enterprizes en AgriSecuritas.

AgriSA hou homself besig met beleidsmakers dmv skakeling met verskeie departemente. In terme van wetgewing het AgriSA die transformasie teikens rakende waterlisensies aangespreek dmv media.

Verwys na AgriSA se Regshulpfonds. Kyk tans na die Onteieningswetsontwerp waarop daar omvattende studies gedoen was. Verwys na wat in Venezuela gebeur het met inflasie wat 400% is. SA se inflasiekoers is tans 5.4%. AgriSA het befondsing verskaf van die Moladora Trust in die howe tov weidingsregte. Dit gaan alles oor die beskerming van boere se belange. Het ook ’n sterk standpunt ingeneem teen Julius Malema se “Kill the Boer, Kill the Farmer” in ’n persoonlike brief aan hom. Baie teenstand het gekom vanaf swart gemeenskappe, Afrikalande, Elon Musk, ens.

Verwys na Eskom en beurtkrag waar elektrisiteitsvoorsiening baie luidrugtig in die media gevoer was om druk op die regering te plaas. AgriSA is konstruktief betrokke om moontlike oplossings te vind.

Landelike Veiligheid het AgriSA voortdurend die sake opgeneem met die Minister van Polisie, en die Beraad het nog geensins tasbare besluite na vore gebring nie. BUSA gesprek onlangs gehad met privaat sektor wat gaan kyk na die uitdagings om die misdaadvlakke saam met die polisie aan te spreek dmv van 'n taakspan wat gevorm word.

Trok aanvalle het ook daartoe gelei dat AgriSA regering gevra het om SANW te ontplooi ten einde beskerming te verleen. AgriSA het sy stem dik gemaak rakende AGOA en was die ooreenkoms weer aangespreek en bevestig nog voor die afsnydatum. Die behoefte aan hande arbeid op plase is besig om te taan, en die land sit met toenemende werkloosheid.

AgriSA het ook groot veldtog geloods tov padinfrastruktuur. Het onlangs 'n versoek gekry van die Direkteur-Generaal van Vervoer om met hul in gesprek te tree.

AgriSA het beroep gedoen dat Biosekuriteitsverslag bekend gestel moet word.

AgriSA was instrumenteel in saamstel van taakspan tov Sprinkaan plae, asook die opleiding van opkomende boere. Is ook betrokke by die Presidents Klimaats kommissie.

Daar is drie groot kwessies waarop AgriSA probleme uitgewys het tov grondhervormingsproses. Het uitgewys dat landbougrond oor tyd afgeneem het. Mynbou en verstedeliking laat landbougrond afneem. 10miljoen hektaar se grond is bekom deur Departement van Landbou en Grondhervorming. Wat het op daardie grond gebeur? Statista en Borman se beraming is dat 30% van landbougrond nie meer in wit hande nie. Dat 615 000 ha grond van swartbesit weer verkoop is aan wit besit. Meeste wit kommersiële boere is kleinskaalse boere, wat 67% van landbougrond besit. Swart boere het 2miljoen ha landbougrond bekom sonder hulp van die staat, dus 2.3% van landbougrond.

Die "Agricultural Land Holding Account" was gestig om proaktief produktiewe grond vir herverdeling te bekom. Hy verwys na wat hul nie bereik het nie en onderbestee is aan hul begroting. Hul misluk in die hele proses. Omdat grondhervorming nie slaag nie, kry boere die skuld en nie 'n staatsgebasseerde struktuur nie. Verwys ook na die RADP ontwikkelingsprogram. Van die 539 plase wat hul ontvang het, is 76% nie produktief nie, dus amper 80%. Albei die strukture ressorteer onder die Departement van Landbou.

Hoe finansier ons die ekonomie van die land? Die begroting is R2.23triljoen waarvan R1.35triljoen op sosiale dienste uitgegee word. R237miljard word vir ekonomiese ontwikkeling beskikbaar gestel. Dit is nie volhoubaar nie. Maak mense afhanklik van die staat.

Die Departement van Landbou se begroting is R17.2 miljard. Meeste van die geld gaan in salarisse van personeel. Boere boer op skuld, hul skuldvlakke neem toe.

Verwys na die Landbou Meestersplan waar transformasie in die plan ingeskryf is. Wat is die kern fokusareas van die Plan? Moet beleggings vriendelike klimaat skep, moet omvattende boere daarstel, werkskepping, markuitbreiding en toegang, seker maak dat fokus op plaaslike produksie en uitgebreide Landbou verwerking is. AgriSA het met werkersunies gesit wat groot eise gehad het wat nie haalbaar is nie.

Belangrike oorwegings tans deur AgriSA:

- Grond produseer nie voedsel nie, kundigheid doen;
- Boere produseer voedsel op die rug van skuld;
- Kommoditeitsorganisasies het die kundigheid om die suksesvolle implementering van grondhervormings- en ondersteunings programme te verseker;
- Ons nasionale begroting prioritiseer maatskaplike ontwikkelings besteding en dit moet aangespreek word;
- Te min geld word beskikbaar gestel vir ekonomiese ontwikkelingsbesteding;
- Institusionalisering en implementering van die AAMP moet geprioritiseer word.

Baie dank aan AgriSA en VL vir die geleentheid om die kongres toe te spreek.

Senwes se video word vertoon en boodskap deur die hoofborg:

Senwes

Hoe kan ons die uitdagings en vakuum vul? Ons kan planne maak. Hoe bly ons positief? Sedert 2020 ervaar uitstekende opbrengste in graanbedryf. Daar is 'n paar gapings en hoe dit oorbrug kan word. Energie, sekuriteit en optimalisering van die waardeketting. Kry kundige advies om energie behoeftes aan te spreek. Moes silos van addisionele kragopwekking voorsien. Raak betrokke in gemeenskapveiligheids forums. "Agri Rewards" program wat tydens Nampo beskikbaar gestel is, wat gebruik kan word in oprigting van kameras. Landbouers is bewaarders van die omgewing en erfenis. Investeer in doeltreffendheid en volhoubaarheid.

Paneelbespreking: Anton Coetzee, Jannie Schabort, Christo van Rheede, Jan Oberholzer word gefasiliteer deur Francois Wilken

Jannie Schabort, voorsitter van Mafube Besigheids Forum. Het so 3 jaar gelede besluit wie gaan die vakuum vul? Ons het besef ons moet dit self doen. Daar moet vanuit die gemeenskap leiding geneem word, mense moet deel neem en betrokke raak. Munisipaliteite is gemeenskapsinstansies en nie noodwendig regeringsinstansies nie, moet leiers kry om dit te dryf. Hul is tans besig met 'n sonplaas projek deur "Rural Maintenance" en boere/gemeenskapspersone. Een van die redes hoekom hofsaak verloor het, was dat Munisipaliteit wat aan die kant van die boere was, hul ondersteuning teruggetrek het. Daar moet 'n "backup system" in plek wees, wat daar nie was nie. Hul wil een van die geïdentifiseerde sones lewendig maak voor einde van die jaar.

Francois Wilken meen dat Mafube Besigheids Forum is pioniers. Dankie wat julle bereid is om te doen en vir die volgende ouens makliker te maak.

Anton Coetzee help tans Eskom kliënte met hul sonkrag aansoeke, wat is die beperkinge en uitdagings met Eskom. Toe beurtkrag erg was, het sekere mense emosionele besluite geneem. Wat is my doel om af te gaan van die "grid" af? Kontinuïteit kos geld, daar moet gekyk word na 'n geïntegreerde energieplan. Integreer jou "generator" en doen "grid tie" en maak gebruik van batterye. Doen julle huiswerk ordentlik, sekere installeerders het swaar boetes van Eskom gekry. Kyk na verskeie finansierings modelle.

Eskom meet wat jy opwek om dit terug te plaas, jy kan dit wat jy opwek net terugplaas in daardie tydperk wat jy dit opwek. Jy kan maandeliks jou krediete herstel tot 0 toe. Eskom laat die opwekking toe vir 'n jaar. Pasop vir investering van 'n groot stelsel. Eskom se lyne moet die dra-vermoë ook hê.

Danie vra vir AgriSA hoe gaan hul seker maak dat waterregte oorgedra kan word, veral na hofsaak gewen is? Alle boere sit met surplus krag wat jy nie kan terugplaas in die "grid" nie. Vra vir meer praktiese goed, en kostes aan kragmeter is buitensporig.

Christo van Rheede vra dat inligting gedeel moet word met AgriSA (Janse Rabie) tov waterregte.

Jan Oberholzer meen dat Eskom sal waardeer as daar 'n Forum is waar daar praktiese uitdagings op die tafel gesit word, sodat dit uitgesorteer kan word. Georganiseerde Landbou kan al die aspekte dokumenteer en deurgee na so 'n Forum.

Anton Coetzee meen dat as 'n boer nie op Ruraflex is nie, en wil oorskakel, kan dit meer geld kos. Eskom se prysdepartement moet betrek word. Om 100KVA om te skakel na Ruraflex toe is R200 000 deposito en R100 000 se omskakeling. As installeerder sy huiswerk doen en dit in ag neem met finansiering, kan dit omskakeling se bedrag nie so groot wees nie. Toerusting op lyne is ook beperk en wat toegelaat kan word. Die spanning op die lyn is ook hier van toepassing.

Sagrys vra orals spring sonplase op. Baie van die sonplase word gebou deur buitelandse firmas, en dit lê net daar en die krag wat dit opwek word nie gebruik nie.

Jan Oberholzer meen daar is nie een sonplaas wat nie gebruik word tans nie. Die addisionele kapasiteit is nie almal hernieubaar nie. Moet kan kapasiteit stoor vir later gebruik wat nie tans aan die gang is nie. "Power purchase agreement" word geteken teen 'n sekere tarief en dan is daardie krag beskikbaar.

Sweis vra wat se impak gaan boere wat afgaan van die "grid" af hê op Eskom se inkomste?

Jan Oberholzer glo dat dit 'n druppel in die emmer gaan wees op Eskom se finansies gegewe die ekonomie van die land. Moet nie sommer totaal en af van die "grid" af gaan nie.

Dirk van Rensburg meld dat die president het Maandag genoem dat privaat investering 'n impak op Eskom se kragvoorsiening gaan hê want minder krag gaan voorsien word. Vra vir Jannie welke kragvoorsiening ook vir swartwoonbuurt is.

Jannie Schabort meld dat groot gedeelte van die swartwoonbuurt in Frankfort is nog steeds afhanklik van Eskom. Mafube bedien 3 dorpe ook nl Cornelia, Tweeling en Villiers. "Rural Maintenance" het profiele vir elke huis gaan optrek, R7 000 per huis in swartwoonbuurt, R14 000 in merendeels blanke woonbuurt. Hul beplan om 'n sonplaas vir elke zone/dorp op te sit.

Jan Oberholzer meld dat 'n groot uitdaging is wanneer gaan die batterye/sonpanele gelaai moet word? Uitdaging van die stelsel beheerder is dat die batterye moet gelaai word en wanneer moet dit gedoen word, want dit neem ekstra krag?

Francois Wilken vra hoekom is dit so dat Eskom het gekom van nr 1 in die wêreld tot waar dit vandag is? Moet goedkoop krag kan voorsien aan die publiek. Politieke invloed is groot en hoe groot is die werkersmag van Eskom en hoe lyk dit? Is daar werklik hoop dat die regering die Eskom probleem wil aanspreek? Daar is gereeld teenstrydige uitlatings wat deur die drie Ministers van Departemente gedoen word rakende Eskom, hoe moet ons dit sien?

Jan Oberholzer verwys weer na die 5 kernpunte wat hy onder Eskom genoem het wat hul vanaf nr 1 na watter nommer toe geneem het. In 1998 is die "White Paper" geskryf. Eskom gaan in die volgende dekades/jare een van die kragverskaffers wees in SA. Die model gaan verander, en is nog iets wat positief is oor die toekoms.

Francois Wilken meen dat die boere moet vir alles die rekening optel, koop kleinhandel aan en verkoop groothandel en betaal die kostes beide kante toe. Hoop dat daar 'n oplossing gaan kom en dat regering en instansies moet besef wat dit die boere als kos. Regerende party moet besef jy kan jouself nie verryk ten koste van die ekonomie nie.

Boodskap van die IDC as mede-borg:

IDC
Industrial Development Corporation

Gee oorsig en agtergrond van die IDC. In 1939 begin met finansiering deur die IDC, die ou Nywerheids Ontwikkelings Korporasie. Die IDC het van die groot industrieë in SA gefinansier en op die been gebring. Die IDC het 2 tipes lenings, nl befondsing ("loan funding") en "equity financing". Het 'n kantoor in die Vrystaat en kan met hul in gesprek tree. Het 'n Landbou afdeling wat kleinerig is in konteks met SA. Fokus grotendeels op Landbou prosessering veral tov boord-gewasse soos neute, bloubessies, kersies, advokadopeer, en hul kan 'n rol speel op 'n geïntegreerde basis. Aan die "horticulture" kant is daar varke en hoenders. Kyk na rooivleis waardeketting in terme van oprigting van slagpale en uitbreiding daarvan, daar is 'n paar projekte in die pyplyn maar het nog nie baie finansiering daarop gedoen nie. Het onlangs 'n Moringa en Amandel studie gedoen. Het 14 jaar terug begin met bloubessies wat hul ingebring het. Het in verskeie

areas aandeelhouding in besighede bv Carstens en Westvalia. Het ook betrokke geraak in energie en besproeiingskemas en -opsies. Kan ook behulpsaam wees in die skep van Werkerstrusts op plase.

Gernie Botha kondig aan Friedl von Maltitz se verkiesing as vise-president VL.

Jaco Minnaar – groete boodskap van AgriSA

Gee erkenning aan VL vir die insette wat gemaak word by AgriSA. Sonder balans en gesprek kan daar nie goeie besluite geneem word nie. Dankie vir die geleentheid. Provinsiale affiliasies is eintlik die hartklop van AgriSA. Ons sien dat die staat besig om te val, die kapasiteit en die wil is nie meer daar nie. Ons moet regtig verantwoordelikheid vat vir wat in die land aan die gang is. Die tyd is verby dat ons net by die kantlyn staan, ons moet deel word in die oplossings. Ons is verteenwoordigers van ons plaaslike gemeenskappe en dorpies, ons moet dit beter maak vir die breër gemeenskappe. Verwys na Transnet se moontlike herstel, waar die privaat sektor na vore gekom het. Charlie Mange van Berkeley Hathaway “If you are unhappy, lower your expectations”.

Gernie Botha: Ledegeld, funksies en bestuur van operasionele strukture

Gee ’n aanbieding oor VL se struktuur. Boereverenigings en komitees is die hartklop van die organisasie. Vrystaat Landbou is ’n vrywillige assosiasie soos in Art 30B van die Wet op Inkomstebelasting van 1962 gedefinieer. Die hoogste gesag berus by die Kongres. Die Uitvoerende Bestuur is die hoogste gesag wanneer die Kongres nie in sitting is nie maar is aan die Kongres verantwoordelik. Die Dagbestuur word jaarliks hersaamgestel op die eerste vergadering van die Uitvoerende Bestuur na afloop van die Kongres.

Daar is tans 146 Boereverenigings, 62 Distriks Boere Unies, 2911 lede, 20 streek verteenwoordigers, Uitvoerende- en Dagbestuur, 8 komitees, 9 personeel. Die komitees is:

- Landelike Veiligheid,
- Kommersieel,
- Jongboere,
- Landbou ontwikkeling,
- Arbeid,
- Natuurlike Hulpbronne,

- Finansies Administrasie en ledesake,
- Bemarking

Meld die dag tot dag funksionering van VL en komitees.

- Strategie bepaling deur komitees en landbou verenigings
- Bestuursfunksies deur Uitvoerende Bestuur en Dagbestuur
- Skakeling met Provinsiale Regeringsdepartemente asook ander entiteite
- Skakeling met Plaaslike Regering op versoek van plaaslike strukture
- Advies dienste deur werking van komitees
- Formulering van beleid via komitees en oordrag aan AgriSA se Sentrum van Uitnemendheid vergaderings
- Voortdurende handelsmerk beklemtoning en uitbreiding
- Media veldtogte en media vrystellings en maandelikse nuusbriewe
- Media navrae en onderhoude
- Nagaan van Nasionale en Provinsiale Staatskoerante en verspreiding daarvan na relevante belanghebbendes
- Bywoon van vergaderings met regeringsdepartemente asook ander instansies binne die trefwydte van die 7 komitees
- Oorweging en kommentaar op wetsontwerpe asook beleidsdokumente
- Besoeke aan Landbou verenigings

Daar moet insette van grondvlak strukture af bekom word. Media skakeling, bywoning van vergaderings met regering instansies, besoeke aan Boereverenigings, ens. Verwys na skakeling met AgriSA en waar VL inskakel tov hul struktuur.

Besprekingspunt: Rosendal Boerevereniging rakende ledegelde:

Rosendal Boerevereniging is nie heeltemal tevrede met VL se ledegelde nie. Agri Noord-Kaap se ledegelde is amper die helfte as VL se ledegelde. Vrouens en nuwe lede moet minder gelde betaal. Ouer lede het gevra rakende die aspek van lewenslange lede, wat is hul situasie? Sekere boere sien nie altyd wat VL doen nie, en daar is ander georganiseerde Landbou strukture wat baie meer op *Facebook* werksaam is as wat VL is, dit moet gebruik word.

Francois Wilken meld dat ledegelde nooit meer as 7% p/jaar toegeneem het nie. Daar was jare waar VL se ledegeld nie opgesit was nie. Daar is verskeie kategorieë van ledegelde vir dames om aan te sluit, assosiaat lede, kleinhoewe boere. Daar is wel ledegelde wat nie reg ingestel word oor die hele spektrum nie. VL by die kantoor insluitend Dag- en Uitvoerende Bestuur is al moeg gedink ook ledegelde. Hy vra vir

voorstelle van die vloer af. Van die kantoor af kan daar nie bepaal word watter boer kan dit bekostig of nie. Miskien moet uit die kantoor uit 'n rekening vir 'n Boerevereniging gestuur word vir 'n sekere aantal lede, dan moet die Boerevereniging self die gelde insamel?

Dirk van Rensburg meen dat hy het net vandag weer gehoor het wat doen georganiseerde landbou vir die boer op grondvlak. Hy stel voor dat die ledegelde dieselfde moet bly.

Danie? stem saam met Dirk. Miskien moet VL kyk na die eerste 2 jaar se ledegelde vir nuwe lede, dat dit minder moet wees ten einde lede te akkommodeer?

Bernard Maree is van mening dat die aspek was laas jaar reeds bespreek en aangespreek, dat ledegelde dieselfde moet bly.

TP Theron meld dat met kameraprojekte op Boerevereniging vlak moet 'n boer betaal of hy gee sy tyd. Hy stem dat ledegelde dieselfde bly.

Kempen Nel meen dat VL se ledegelde is gelykstaande aan 1 werker se salaris 'n maand. As 'n lid opbetaald is, het almal gelyke stemme by 'n kongres. Ons het kundigheid by VL en hy vra die vraag waar sal boere gewees het as dit nie was vir georganiseerde landbou nie.

Christo Beukman meen dat ledegelde dieselfde moet bly. Hy stel wel ook voor dat VL moet die tydperk van 2 jaar beproef tov 'n verminderde ledegeld vir nuwe lede en dit daarna evalueer.

Swart boer van Koppieskraal? Meen dat hy tevrede is met die funksionering van die Boerevereniging en VL se ledegeld moet dieselfde bly, dit moet nie afkom nie.

Boy Saaiman ondersteun 'n verminderde bedrag vir nuwe lede vir 'n periode van 2 jaar, of dat lede maandeliks per debietorder kan betaal.

Francois Wilken meen dat 'n Boerevereniging kan nuwe lede identifiseer en per brief 'n versoek rig aan VL oor 'n verminderde bedrag vir die lede.

Laurens Schlebush meen dat hy as boer nie genoeg kan betaal vir 'n organisasie wat sy lede se belange beskerm nie. Hy verwys na die onlangse uitsprake van die EFF-leier Julius Malema. Hy verwys ook na MUFPA se aanlyn stelsel waarop 'n boer self sy plaas en hektare kan laai en dan word 'n rekening vir hom gestuur – dit kan moontlik ondersoek word deur VL?

Nico Buys meen dat dit ouer boere is wat 'n spesifieke probleem het klaarblyklik met ledegelde. Die kontak tussen VL se kantoor en grondvlak strukture moet goed funksioneer.

Francois Wilken sluit af deur te meld dat as boere 'n probleem het, dan skryf hul deur BV 'n brief aan VL wat sal help met ledegelde. Hul moet net nie die organisasie swartsmeer nie. VL sal met Rosendal in gesprek tree. Die vraag wat die afgelope paar jare opgekom het, is wil boere 'n funksionele organisasie hê wat namens boere baklei? Wil boere binne die struktuur die geld aanwend vir groter funksionaliteit? Hy verwys na al die vergaderings wat VL personeel moet bywoon, en dat Dr Jack Armour altyd sê: "As jy nie langs die tafel is nie vir gesprekvoering, dan is jy op die menu". VL gaan iemand aanstel wat Boereverenigings kan bel as daar aspekte is wat onder alle boere se aandag gebring moet word. Kommunikasie met die Boereverenigings en grondvlak struktuur bly 'n probleem wat nie uitgesorteer word nie.

Dr Jack Armour: Naspeurbaarheid stelsel: VL se "Aims"-stelsel

Hy gee 'n aanbieding oor die "Animal Identification Movement and Safety system (AIMS)"

Lits sloer al vir 18 jaar. Hy verwys na ICAR akkreditasie. Daar moet 'n stelsel in plek gestel word wat by 'n staatsbeheerde stelsel kan inskakel. VL het gaan kyk na ander lande se stelsels bv Nieu-Seeland, BAITS in Botswana, het gaan kyk na databasisse en stelsels bv Stamboek wat bereid was om 'n kommersiële stelsel daar te stel. VL het na "HerdMaster" en "BreedPlan" gekyk wat eintlik 'n genetika program is. Het gaan kyk na "GNPBasics" wat 'n bestuurstelsel is wat die kontrak gekry het om die Lits stelsel in SA te implementeer.

Dit is nie duidelik welke die staat die kostes gaan hê om Lits te implementeer nie. VL het gaan kyk na "DataMars" en gekyk na pryse, "BenguFarm" dmv satelliete. AgriGauteng het die ID scan op die neus, Noord-Kaap het ook nou begin om 'n stelsel te toets. Het gaan kyk na die SAPPO stelsel wat 'n goeie stelsel/databasis het vir die varkboere.

Agri Oos-Kaap het 'n baie simplistiese databasis wat gebruik word as 'n boer diere verskuif waar die Art 6 en 8 dokumentasie gebruik word, hul gebruik Allflex se "management app". Allflex gebruik EID "tags", EID "readers". Die voordeel van die stelsel is dat dit 'n Art 6 en 8 dokument uitreik as daar beweging van diere plaasvind. Die stelsel is gebruikersvriendelik teen geen koste nie, en hul doen alreeds goeie werk in die meentgronde. Die aspek van die veiligheid is nog nie heeltemal gedek nie, daar is microchips wat tans ondersoek word. Hul het ook met die "SA Feedlot Association" en voerkrale gepraat en hul het nie eintlik 'n probleem met die stelsel nie, maar is skrikkerig

om die “microchip” te gebruik want daar is ’n moontlikheid dat dit in die vee kan uitkom wanneer dit geslag word. SAVC is ook nie ten gunste van “microchips” nie

Brandmerk en tatoeëring is verpligtend aldus wetgewing. Die GPRS netwerk gaan uitgefaseer word wat eintlik gebruik word deur al die stelsels omrede dit ’n lae frekwensie stelsel benodig. Die satelliet spektrum is nog baie duur en daar is niks wat huidiglik markgereed is nie. Daar is wel nog “genetic sampling” wat gebruik kan word vir boere waar hul sterthare van ’n bees/dier (genetika) in ’n koevert hou en toets teen R250 as daardie diere gesteel word of geslag word.

VL wil saam met Agri Oos-Kaap hul stelsel uitbrei. Dit gaan niks kos vir ’n lid van VL nie. ’n Boer koop die “tags” deur VL deur die stelsel; aan, dit is baie goedkoop. Daar is “FSA” op die “tags” aangebring. Die QR kode word op die “tag” gedruk. Al wat nog moet uitgeklaar word, is die aspek rondom die POPI wetgewing. Codeflux het die program geskryf vir Agri Oos-Kaap en hul kry R1 van elke “tag” wat verkoop word.

Die stelsel kan op VL se webtuiste gelaai word waar ’n skakel opgesit word. Hy verduidelik in kort hoe die stelsel gaan werk. Dit behoort binne ’n maand of twee geloods te word. VL het die program gekoop en dit word tans ontwikkel vir VL. Dit kan met Lits in die toekoms gekoppel word.

Francois Wilken vra vir goedkeuring van die kongres af om die AIMS stelsel beskikbaar te stel. Daar is eenstemmigheid daaroor.

TP Theron vra of daar tegnologie, tipe van ’n “reader” is wat op kamera pale geïnstalleer kan word om diere te “scan” wat verby beweeg?

Christo Doman meld dat hul met Sernick gepraat het waar hul hoë frekwensie “readers” gebruik om diere wat verby gaan te “scan”. Vir boere sal hul ’n groot antenna moet opsit by ’n kamera paal, afhangend van die spoed waarmee ’n trok/voertuig beweeg ten einde daardie diere te kan “scan”.

Landelike Veiligheid: Privaat ondersoekers en opleiding: Jakkals le Roux

Francois Wilken stel vir Jakkals le Roux aan die woord.

Jakkals le Roux meld oor dat tov die Verkeerdevlei insident, het beskuldigdes borg gekry. VL het opleiding beskikbaar gestel vir hul lede. Hy bedank al die borge wat fondse vir opleiding beskikbaar stel nl VKB, OVK, Star Lubricants, Agriculture.golf.. LGV is betrokke by die gee van die opleiding en sodanige opleiding moet deur Boereverenigings versoek word. Daar gaan ’n video oor opleiding aangebied word.

Tov die privaat ondersoekers word miljarde rande se vee jaarliks in die Vrystaat gesteel. VL het PSIRA geregistreerde privaat ondersoekers beskikbaar gestel in die Fezile Dabe distrik en die inisiatief gaan na 6 maande geëvalueer word en uitgerol word na ander distrikte toe. Boereverenigings moet solank persone identifiseer wat moontlik as privaat ondersoekers gebruik kan te word. Hierdie inisiatiewe gaan nie werk as lede/boere nie betrokke is nie.

Francois Wilken meld oor hoe belangrik die opleiding is wat nie beperk is tot VL lede nie, daar kan tot 40 persone per kursus/opleidingsessie opgelei word.

Video's oor opleiding en privaat ondersoekers word gewys

Boet Wilken – Agriculture.golf Golfdag op 22 September 2023

Agriculture.golf reël die golfdag wat op 22 September 2023 gaan plaasvind by Bloemfontein Golfklub. Hul is 'n nie-winsgewende organisasie, dit is die derde jaar wat die golfdag aangebied gaan word in samewerking met VL. Alle fondse wat ingesamel word, word oorhandig aan VL vir veiligheid. Die jaar word 'n wisseltrofee beskikbaar gestel vir Boereverenigings wat inskryf en deelneem aan die golfdag. Hul gaan ook 'n boeredag aanbied by die golfdag. Boere moet aangemoedig word om te kom, hul wil graag so tussen 100-150 boere hê by die golfdag omrede daar innoverende sessies aangebied gaan word deur sekere uitstallers. Alle BVs moet asb 'n boer of twee stuur om die golfdag by te woon.

Francois Wilken meld dat VL in samewerking met Agriculture.golf beplan om jaarliks gedurende April/Mei maand 'n manne-aand te hou om jagpakkette op te veil. Alle boere en publiek sal genooi word na 'n aandfunksie toe. Die fondse gaan gebruik word vir opleiding en privaat ondersoekers.

DAG 2:

Francois Wilken verwelkom almal by die kongres. Hy stel vir Frans Cronje voor.

Frans Cronje: Motiveringspreker – Wie gaan die vakuum vul?

Ons land beleef 'n leierskap krisis, en daar is 'n reuse vakuum wat gevul moet word. John Maxwell sê: "Waar daar 'n vakuum is, sal dit gevul word". Wanneer mense begin bid, begin die Here mense se harte aanraak. Pastor Johan Mathuse is 'n persoon wat na vore gekom het om teen plaasmoorde/aanvalle te spreek, dit was veral na die Brendon Horner moord. Die boere en die Taxi Vereniging werk goed saam in Senekal. Pieter Heyns, 'n boer wat sy tyd en stootskraper gee om die sokkerveld skoon te skraap in Senekal. Dit het 'n groot impak op die gemeenskap om saam te werk. "Time2riseSA" is die webtuiste en beweging wat 'n nasionale netwerk daar wil stel deur Dr Arno van Niekerk nl "national builder network". Daar gaan 'n realiteitsprogram kom "Make over SA" wat gaan fokus op dorpe en gemeenskappe. 'n Leier moet na vore kom in al die dorpe.

Wat is 'n leier?

- Moet lief wees vir die Here,
- Moet lief wees vir mense,
- Moet diensknegte wees en leiers wees wat bereid wees om mense te dien,
- Leiers moet goeie rentmeesters wees – grond behoort aan die Here en die hele wêreld behoort aan Hom, ons is net bestuurders vir die Here; boere kan goeie rentmeesters wees omdat hul mense en grond bestuur
- Geloofswoorde – was op 'n stadium baie negatief en wou uit SA trek, waar is die positiewe woorde en houding, na Brendin Horner se moord het hy getrek na Senekal toe – ons woorde moet raak hoop en nie wanhoop nie; Vrystaat is mooier as die Kaap en is die beste plek om in te bly.

Hul is besig met die maak van videos en maak videos van die provinsie en plekke in die Vrystaat en stel dit beskikbaar op "YouTube".

Hy speel 'n video oor die "Eastern Free State" – baie mooi!!

Francois Wilken meld dat ons raak so vasgevang in dinge dat ons die mooi om ons nie regtig waardeer nie, en ons sien nie die potensiaal raak in gemeenskappe nie. Begin by

jou plaas, jou mense en jou gemeenskap te geniet. Moenie vir populisme betrokke raak om ’n punt te bewys nie. Dit gaan nie meer oor wit en swart nie, dit gaan oor “good and bad”.

Baie geluk aan Andre Janse van Rensburg as streeksverteenwoordiger van die jaar en vir elke streek verteenwoordiger wat ’n bydrae lewer tot VL se strukture.

Prof Frikkie Maree: “Wanneer jy alleen is”

Dit gebeur baie dat jy voel jy is alleen, daar is so baie wat kan fout gaan. ’n Vakuum is waar daar ’n spasie is waar daar geen goeters in is nie. Hy wys ’n prentjie van ’n “black hole” in die ruimte. Hoe word ’n vakuum geskep? Vakuum kom van die woord “void” af, daar is niks. Is ’n vakuum ’n goeie of ’n slegte ding, as daar niks is nie?

Hoe lyk die vakuum om ons?

- Daar is nie elektrisiteit nie.
- Daar is nie meer paaie nie
- Daar is nie OBP en dieregesondheid status nie
- Ons sit alleen in wêreld en kan nie meer uitvoer nie
- Met droogte is daar nie mielies nie
- Wie het hulp gekry van korporasies of Burre Burger af? Wie het hulp gekry van die regering af?
- Hoe gaan dit met polisiëring? Hoe lyk Veediefstal en die Eenhede in die Polisie?
- Is plase deesdae alleen? Baie boere hou op boer.

Verwys na speenkalf, wol en mielieprys. Pryse word bepaal deur vraag en aanbod. Verwys na die makro ekonomie internasionaal en die oorlog in die Oekraine/Rusland. Ons regering laai goed op Russiese skepe, ons is kwaad en weet nie eintlik wat aangaan nie. Verwys na die onlangse beraad in Rusland waar 48 van die 50 lande in Afrika daar was. Rusland is ’n groot moondheid wat in Afrika betrokke wil raak.

Wat is inflasie, en veral kosinflasie?

In SA is skaapvleis ’n nisproduk en slegs die rykste mense koop dit, beesvleis ook. Gevriesde hoender ook. As ons met inflasie sit, sit ons met stygende pryse en rentekoerse, dan moet ek nog steeds eet. Die vraag vir rooivleis is net nie meer daar nie. Daar is regtig beperkte of geen geld meer by die verbruiker nie.

Verwys na beurtkrag. Verstaan ons die effek van beurtkrag op die gaarmaak van vleis/kos? Brandstof kostes verhoog die produksiekostes.

Hoe gaan die vakuum gevul word? Daar is klomp goed wat nie sin maak nie en wat dit sleg maak om te boer.

Wat is die positiewe van om in 'n vakuum te wees, dit is nie net sleg nie?

- Die goeie nuus is dat dit lank so gaan bly
- Vakuum is nodig om goeters op klein skaal uit te voer
- Waar daar sonpanele is, maak dit dat jy nie meer krag koop nie, want jy het krag
- 'n Vakuum skep 'n bemagtigende omgewing vir privaat instansies om na die tafel te kom – verwys na bloutong entstof wat deur 'n privaat maatskappy vervaardig word – daar word al dekades gesukkel met die vervaardiging van die entstof
- Vakuum skep 'n skoon en stabiele omgewing om in te opereer – ons kan howe nader as goed nie reg werk nie
- As daar nie 'n vakuum is nie, dan was daar nie 'n geleentheid om tot ons volle reg te kom nie

Lied van Johan Williams ' "When you're alone" – wie is jou sterre? Jy voel alleen op jou plaas, maar is jy regtig alleen? AgriSA, VL, RPO, GSA, PotatoesSA en ander is met jou. Boere opereer in georganiseerde landbou strukture of kommoditeits organisasies. Wat is jou rol in georganiseerde Landbou, dit is nie ons en hulle nie. Elkeen van die organisasies is net ons. Daar moet hande gevat word met die strukture, want dan is jy nie alleen nie. Ons moet begin saamstaan, want alleen het jy net soveel geld en hulpbronne om goed op te los.

Hoe kan die vakuum gevul word?

Hy verwys na die statutêre heffings wat deur die "MAP Act" daargestel word, word dit regtig reg aangewend? Sekere gelde kan gebruik word om die vakuum aan te spreek. Hy verwys na 'n uittreksel uit die MAP Act" "to enhance the viability of the agricultural sector" dit is so wyd soos die Vader se genade. Gelde wat binne Landbou agv statutêre heffings jaarliks bekom word is oor R900 miljoen. Die vakuum kan hieruit gemotiveer word, 'n maksimum van 5% van die gelde kan aangewend word vir die doeleindes om die sektor se bestaan te verbeter. Word die heffings aansoeke reg aangespreek, sodat die lewensvatbaarheid van Landbou sektor verbeter kan word? Georganiseerde Landbou is deur ons vir ons. Watter planne is daar wat ons deur ons vir ons kan maak werk? Wanneer dit moeilik raak en wanneer jy alleen is, verbeel jou hier is water. Water laat hom nie aanjaag nie, hy loop teen die pas wat hy toegelaat word, sit 'n wal voor hom en

dit sal ophou loop. 'n Vloed stop niemand nie. Water verander nooit nie. Belangrike ding van water as jy dit in 'n vakuum sit, dan vul dit die vakuum.

"AgriRelief Foundation": - Prof Frikkie Mare

Deel blasers uit om brande te beveg wat deur die AgriRelief Foundation wat 'n hulpgewende organisasie is wat deur 4 onafhanklike direkteure bestuur word om boere te help. Hy meld dat laas jaar het hul R580 000 se blasers aangekoop, 6 "fire fighters" is vir Mpumalanga gegee. Die jaar is 60 blasers aangekoop vir Noord-Kaap, Oos-Kaap en Vrystaat. Die Foundation probeer om ook ander te help en verwys na Merweville se 2 vrouens wat koekies en nougat maak en verkoop om boere te help in die area.

Francois Wilken meld dat daar in elke krisis is daar 'n geleentheid en dit gaan die innoverende ou wees wat 'n verskil kan maak.

EarthRanger Toepassing: Dr Jane Buys

Sy verduidelik kortliks die EarthRanger Toepassing wat deur VL gebruik gaan word saam met Agri Oos-Kaap en Agri Wes-Kaap. Agri Oos-Kaap gebruik dit al langer as 2 jaar. Die Toep is aanvanklik daargestel om rampe te bestuur oa Springkane, reënval, veldbrande, probleem diere oa predasie beheer, wilde diere, logistiek en infrastruktuur.

Die Toep maak voorsiening vir die aanspreek van landelike veiligheid rakende die volgende misdade, nl:

- Plaasaanvalle;
- Verskeidenheid van diefstalle waaronder vee-, voertuig-, kabels;
- Brandstigting;
- Vandalisering van selfoon torings;

- Kwaadwillige Saakbeskadigings;
- Grondbesettings;
- Onwettige jag met honde;
- Knip van drade;
- Omgewingsmisdade;
- Protes aksies,
- Rondloper diere;
- Betreding, en
- Verdagte beweging van persone en of voertuie.

“Alerts” kan ook op die Toep aangebring word, asook arrestasies met spesifieke saak nommers en opvolg van sake veral tov privaat ondersoekers op veediefstal. Patrollies kan ook op die Toep beplan, gelaai en op ’n kaart geplot word. “Geo-fencing” kan ook gebruik word tov grense wat getrek word.

Insidente wat opgesit word, plot outomaties as die “pin-drop” of “location” gelaai word. Fotos van produkte, persone, voertuie, items, spore, kan op die Toep gelaai word. Plase se liggings deur ’n Beheerkamer kan ook gelaai word. Verslae kan ook op Excel en ander formate afgelaai word.

Veiligheidsverteenwoordigers kan deur VL se kantoor werk (Dr Jack Armour en Dr Jane Buys) ten einde eers op die “demo-site” van EarthRanger te registreer tot hul invoere kan doen, dan oorgaan in die werklike Toep.

Eva Mendelsohn – “Eco Health Alliance Rift Valley Fever” Entstof in SA

Sy verduidelik dat hul betrokke is in die beskikbaarstelling of navorsing om “building a tool to forecast on the fever in South Africa”. They want to higher or lower the risk on the incidence or forecast on this. They have a survey that needs to be completed by the farmers.” Die opname sal aan Dr Jack Armour beskikbaar gestel word vir verdere verspreiding.

David Reese Samuels, PwC – Terugvoer op VL finansiële state

Hy gee oorsig oor VL se finansiële state en vermeld die oprigting van die Ondersteuners Trust.

Francois Wilken gee ’n oorsig oor die Ondersteuners Trust. H is al 16jaar by VL en het 6 jaar gelede president geword, daar is ’n besluit geneem dat VL nie ’n beleggers organisasie is nie. Ons moet teruggee aan ons lede toe. Belegging is ’n langtermyn proses. Daar word fondse van buite ons lede af bekom en daar was ’n besluit geneem dat

borge nie meer gebruik gaan word om poste by VL te finansier nie, die dag-tot-dag funksies word uit ledegelde befonds. VL het met die Boshof brande bygedra, en dra ook by waar daar krisisse is. Die Ondersteuners Trust is 'n noodfonds om te help wanneer daar krisisse is. 'n Boerevereniging kan aanvra vir fondse en dit moet as sulks so gemotiveer word, daar is 'n prosedure wat gevolg kan word. Fondse word ook vir veiligheid en die loodsprojek tov veediefstal se privaat ondersoekers gebruik.

Die finansiële state word goedgekeur deur die kongres.

Francois Wilken meld dat daar is 'n ekstra uitgawe tov AgriSA en daar is versoek dat R100 per lid per jaar ekstra aan AgriSA oorbetaal moet word. Die afgelope 2 jaar is dit gedoen en VL moet die derde jaar se ekstra gelde oorbetaal. Dit is hoekom daar 'n toename is in affiliasiegelde van VL wat oorbetaal word aan AgriSA. Vra die kongres of die ekstra gelde oorbetaal kan word aan AgriSA.

Kempen Nel meen dat boere soek 'n daadwerklike plan van AgriSA af oor hoe hul die bus gaan omdraai van hulle kant af, maar steun die oorbetaal van die gelde oor wat AgriSA se aanbieding ook behels het.

Francois Wilken meld dat dit is dan reg dat die besluit geneem word dat sonder om ledegeld per lid te verhoog, sal die ekstra gelde oorbetaal word aan AgriSA. Daar is redelike besparings wat AgriSA ingebring het, hul het hul personeel korps verminder en het die struktuur ge-"streamline". Hy meen dat lede is oningelig is oor waarmee VL hom dag-tot-dag besig hou. VL probeer na lede toe kommunikeer, nuusbrief elke maand, wat by Boerevereniging vergaderings aangebied kan word. Inligting is vrylik beskikbaar op sosiale media en groepe, en almal word "oordonder" met inligting. Dit maak dat kern en belangrike inligting verlore gaan. Daar is 'n reëling dat met reorganisasie van 'n Boerevereniging hul die nuwe besture se inligting deurstuur aan VL na Cynthia. Maar dit word nie altyd gedoen nie. Enige voorstelle oor hoe om beter te kommunikeer met lede? VL beplan om 'n persoon aan te stel wat 'n selfoon sal kry om of die voorsitter/sekretaris te bel en bewus te maak van sekere belangrike kommunikasie – "VL het vir jou kommunikasie aangestuur behandel dit met jou mense". Kan ons voortgaan om so 'n persoon te gebruik?

Die besluit word geneem dat daar voortgegaan kan word daarmee.

Francois Wilken doen 'n beroep op die kongres om die golfdag / boeredag by te woon. Daar gaan daardie aand 'n "steak-ete" wees, baie aktiwiteite, wil begin met 'n kompetisie begin tussen Boereverenigings en dit is tans onder oorweging om die golfdag oor 2 dae te laat realiseer. Manne-aand volgende jaar waar jagpakkette opgeveil kan word. Mense

daarbuite en die publiek is bereid om te help en betrokke te raak by landbou, VL gaan voortgaan om die publiek bewus te maak van Landbou en die uitdagings wat ondervind word.

Gernie Botha: Verkiesing van VL streekverteenwoordigers:

Gernie Botha gee terugvoer rakende die verkiesing van VL se streekverteenwoordigers:

Streek 3 – Riaan Schutte

Streek 7 - Pieter Kemp

Streek 10 – Stefan Hanekom

Streek 11 – Jakkals le Roux

Streek 13 – Gys Olivier

Streek 15 - Bernard Maree

Streek 17 – Johan Fourie

Streek 19 - Jacques van Rensburg

Streek 9 – Louis Koch is gekoöpteer in die plek van Boy Saaiman

Jakkals le Roux vra dat boere moet deelneem aan die vraelys wat binnekort uitgestuur gaan word via AgriSA rakende infrastruktuur vandalisme en diefstal. Francois Wilken vra dat die boere dit moet voltooi, dit is belangrik om inligting vanaf grondvlak af te bekom.

VL se Risiko Indeks: Dr Jack Armour

Dr Jack Armour gee terugvoer oor die VL Risiko Indeks per kwartaal. Daar is slegs 25 terugvoere ontvang op die Google Vorms vraelys wat aangevra is. Die 5 groot risikos wat deur die boere wat deelgeneem het uitgewys is, is El Nino en droogte wat kom; vleispryse soos uitgewys deur Prof Frikkie; asook veiligheid en veediefstal. Verder is daar ‘n VL Whatsapp “Broadcast” groep gestig om kommunikasie van die kantoor af deur te gee.

Francois Wilken sluit af deur te sê dat die grootste risikos vir Landbou is veiligheid, veediefstal, infrastruktuur (paaie) veral sekondêre en tersiêre paaie waaraan aandag gegee moet word. VL is tans besig om ’n regsmening te bekom oor geld wat boere uitgee om paaie te skraap/te herstel en welke die gelde van belasting af getrek kan word of terug geëis. Boere bly sagte teikens, maar vir politici is boere maar die teiken. Tot en met

die verkiesing volgende jaar 2024 gaan dit rof gaan, boere en die publiek gaan baie gefrustreerd raak in die aanloop tot die verkiesing. Wees veilig, groete waar jul gaan.

Bedanking van borge:

Francois Wilken bedank al die borge vir hul hulp en bydrae ten einde die kongres moontlik te maak. Die aandfunksie was geborg deur VL self omrede daar geen borge voortydig bekom was nie. VL het dit goed gedink dat daar interaksie met lede plaasvind op 'n informele manier. Baie dankie aan al die boere wat die kongres bygewoon het.